NORTH-WEST UNIVERSITY
YUNIBESITI YA BOKONE-BOPHIRIMA
NOORDWES-UNIVERSITEIT
INSTITUSIONELE KANTOOR

Navorsings- en Innovasiebeleid

Verwysingsnommer	9P
Verantwoordelike uitvoerende bestuurder	Adjunkvisekanselier: Navorsing, Innovasie en Tegnologie
Beleideienaar	Direkteur: Tegnologieoordrag en Innovasiesteun en Direkteur: Navorsingsondersteuning
Verantwoordelike afdeling	Tegnologieoordrag en Innovasiesteun, en Navorsingsondersteuning
Status	Goedgekeur
Goedgekeur deur	Raad
Datum van goedkeuring	Eerste keer goedgekeur op 27 Oktober 2007. Hersiening goedgekeur op 20 September 2013.
Wysigings	Hierdie beleid is in Mei 2010 hersien; slegs redaksionele veranderings is aangebring. Hierdie beleid is in 2013 hersien om die hersiene Navorsingsentiteite-model te verreken.
Datum van wysigings	2013
Hersieningsdatum	2015
Prosedures ingevolge hierdie beleid	Die oorkoepelende proses vir navorsing en innovasie is vasgelê in die dokument “Gehalteversekeringsproses vir Navorsing aan die NWU” beskikbaar by die AVK: NIT.
Webadres van hierdie beleid	http://www.nwu.ac.za/content/policy_rules
Adres op die beleid-databasis	Amanda van der Merwe(10935746) R:\2. Management\2.1.3Policy development and review\2.1.3.2 Review\Database\Policy documents\9P-research and innovation_a.docx

Navorsings- en Innovasiebeleid

1 Aanhef

As 'n toonaangewende universiteit in Afrika, gedryf deur die strewe na kennis en innovasie, met 'n unieke institusionele kultuur gegrond op die waardes wat die Universiteit voorstaan, het die Noordwes-Universiteit hierdie Navorsings- en Innovasiebeleid op 20 September 2013 aanvaar.

2 Doel van die beleid

Die doelwit van die navorsings- en innovasiebeleid is om gehalte te verseker en om die raamwerk te verskaf vir navorsing en innovasie en navorsings- en innovasiebestuur aan die Noordwes-Universiteit.

3 Omvang van Beleid

Hierdie beleid moet gelees word saam met die Institusionele Strategie vir Navorsing en Innovasie wat jaarliks deur die Senaat goedgekeur word. Hierdie beleid moet ook gelees word in die konteks van die NWU se missie om relevante en gefokusde navorsing van hoë gehalte – basies sowel as toegepas – voort te bring, en sodoende innoverende oplossings te bied vir uitdagings waarvoor die wetenskaplike gemeenskap, die land, die vasteland en die wêreld te staan kom. Voorts, soos gestel in die Institusionele Plan, streef die NWU daarna om 'n gebalanseerde onderrig-navorsingsuniversiteit te word met 'n groeiende derdegeldstroominkomste uit kommersialisering en 'n beduidende impak deur gemeenskapsverbintenis.

4 Beleidsverklaring

Dit is die beleid van die NWU dat Navorsing gedoen word in geïdentifiseerde Navorsingsentiteite wat innoverende navorsing en innovasie vir die ekonomiese ontwikkeling van die land, die kontinent en die wêreld bevorder.

Beginsels:

Die bestuursmodel wat vir navorsing en innovasie gebruik word, skep 'n institusionele identiteit, maar maak terselfdertyd voorsiening vir differensiasie binne die vermoëns en kapasiteit van die kampusse. Die navorsingsentiteitemodel is gerig op die verbetering van navorsings- en innovasiekwaliteit, navorsings- en innovasiedeelname en -produktiwiteit, navorsings- en innovasie-ontwikkeling en -befondsing. Die navorsings- en innovasiebestuursmodel fasiliteer en stimuleer navorsing en innovasie op alle kampusse. Elke kampus sal sy eie Navorsingsentiteite ontwikkel en bestuur. Deelname sal hoofsaaklik beperk wees tot navorsers van 'n spesifieke kampus, maar daar sal geleentheid wees vir samewerking met ander kampusse.

5 Definisies

5.1 Navorsingsnisarea

'n Navorsingsnisarea is 'n klein navorsingsgroep met 'n duidelike fokus wat geïdentifiseer is deur die kampus en deel is van die oorkoepelende strategiese plan van die Universiteit en kampus, met plaaslike navorsingsimpak. Die kampus moet grade goedgekeur deur die Departement van Hoër Onderwys en Opleiding op minstens meestersgraadvlak aanbied in die dissiplines wat die primêre fokus van die Nisarea uitmaak Die spanlede van die Nisarea moet bewys lewer van navorsingsuitsette.

5.2 Navorsingsfokusarea

'n Navorsingsfokusarea is 'n navorsingsgroep met 'n duidelike fokus wat geïdentifiseer is deur die kampus en deel is van die oorkoepelende strategiese plan van die Universiteit en kampus, gekoppel aan nasionale prioriteite en met streeksnavorsingsimpak. Minstens 50% van die navorsingsinkomste van 'n Fokusarea behoort van eksterne befondsingsbronne afkomstig te wees. Meesters- en doktorsgraadstudente moet deur middel van hulle betrokkenheid by die Fokusarea opgelei word. Die spanlede van die Fokusarea se navorsingsuitsette moet toeneem.

5.3 Navorsingseenheid

'n Navorsingseenheid is 'n beduidende, nasionaal erkende, langer-termyn multidissiplinêre en transdissiplinêre navorsingsaktiwiteit. 'n Navorsingsfokusarea is geïdentifiseer deur die kampus en is deel van die oorkoepelende strategiese plan van die Universiteit en kampus, gekoppel aan nasionale prioriteite en met nasionale navorsingsimpak. Die Eenheid verteenwoordig 'n beduidende organisasiegroepering en die vlak van aktiwiteit binne die Eenheid dui op beduidende kritieke massa. Meesters- en doktorsgraadstudente moet direk aan die navorsingsentiteit gekoppel wees. Navorsingsinkomste (minstens 60%) word uit 'n verskeidenheid bronne verkry, insluitend mededingende, industriële en internasionale bronne. Daar moet bewys gelewer kan word van beduidende navorsingsuitsette binne die Navorsingseenheid en deelname van postdoktorale studente.

5.4 Navorsingsentrum van Uitnemendheid

'n Navorsingsentrum van Uitnemendheid is 'n internasionaal erkende, langer-termyn multidissiplinêre en transdissiplinêre navorsingsaktiwiteit. Die Sentrum moet 'n duidelike fokus hê wat geïdentifiseer is deur die kampus en deel is van die oorkoepelende strategiese plan van die Universiteit en kampus, gekoppel aan nasionale prioriteite en met internasionale navorsingsimpak. Minstens 75% van sy navorsingsinkomste behoort van eksterne befondsingsbronne afkomstig te wees. Die Sentrum moet aansienlike navorsingsuitsette hê, met uitgebreide betrokkenheid van postdoktorale studente. Daar moet 'n geskiedenis wees van nagraadse studente-opleiding (M en D) deur individuele lede sowel as gesamentlik.

5.5 Gehuisveste Navorsingsentiteit:

'n Gehuisveste Navorsings-/Innovasiesentrum of -platform is 'n navorsings- of innovasie-entiteit wat funksioneer onder die leierskap van 'n Direkteur of soos bepaal deur die eksterne befondser. Die Entiteit huisves tipies 'n transdissiplinêre program van nasionale belang met langtermyn finansiële ondersteuning van openbare en private instansies, en is verantwoordelik vir navorsings- en innovasie-aktiwiteite wat met nagraadse opleiding saamgaan, binne die NWU se gehaltebepalings vir navorsing. Die Gehuisveste Navorsings-/Innovasiesentrum of -platform werk oor institusionele grense heen, dikwels in 'n sogenaamde naaf-en-speek-model en hoewel fundamentele navorsing die aktiwiteite onderlê, is die fokus op innovasie-uitset laer af in die innovasiewaardeketting. Sentrums/platforms verteenwoordig 'n beduidende organisatoriese groepering met kritieke massa, insluitende 'n erkende kern van personeel en infrastruktuur, hoewel dikwels in speekorganisasies en virtuele sentrums/platforms met wetenskaplike of tegniese programme in navorsingsentiteite of ander (speek)organisasies.

5.6 Kommersiële navorsingsentiteite:

'n Kommersiële entiteit is 'n innovasie-entiteit wat funksioneer onder die leierskap van 'n Direkteur. Die aktiwiteite binne die entiteit is primêr gerig op die implementering van kundigheid, word op besigheidsbeginsels bedryf en alle befondsing word uit eksterne bronne verkry. Die oorgrote meerderheid van aktiwiteite is gefokus op navorsing, ontwikkeling, dienste en produkte wat gemik is op gespesialiseerde behoeftes van die bedryf/samelewing. Die NWU se gehaltebepalings vir navorsing en opleiding is van toepassing, sowel as gehaltestandaarde vir produkte en dienste wat deur die bedryf aanvaar word. Die Kommersiële Entiteit het 'n erkende handelsmerk en aansien in die bedryf.

5.7 Navorsings- en innovasieuitset word soos volg gedefinieer:

Navorsingsuitset wat vir subsidiedoeleindes erken word deur die Departement van Hoër Onderwys en Opleiding (insluitende boeke en/of hoofstukke in boeke en eweknie-geëvalueerde konferensieverrigtinge);

- Personeelkwalifikasieverbetering op nagraadse vlak;
- Nagraadse kwalifikasies wat aan studente toegeken is;
- Artikels gepubliseer in nasionale en internasionale tydskrifte (nie-geakkrediteer en eweknie-geëvalueerde tydskrifte);
- Aanbiedings gemaak aan plaaslike, nasionale en internasionale konferensies, en derhalwe onderhewig aan eweknie-evaluering;
- Patente geregistreer op nasionale en internasionale vlak;
- N&O-verwante stroomafwaartse aktiwiteite, gekenmerk deur suksesvolle tegnologieoordrag;
- NNS-gradering van navorsers
- Die aantal navorsingsleerstoele, sentrums van uitnemendheid, bevoegdheidsentrums, navorsings- of innovasieplatformprojekte, nisareas wat toegeken is aan die NWU deur befondsingsagentskappe (namens staatsdepartemente), staatsdepartemente, die privaat sektor.

Navorsingsuitset wat vir subsidiedoeleindes erken word deur die Departement van Wetenskap en Tegnologie;

- Die DWT subsidieer tot 50% van die patenteringskoste van geselekteerde patente ingedien deur die NWU; en
- Die DWT beloon uitvinders met bedrae wat wissel tussen R18 000 en R25 000 vir geselekteerde Suid-Afrikaanse toegestane patente.

Kreatiewe uitsette gedefinieer as die deelname aan geselekteerde uitvoerings/uitstallings en die lewering van artistieke produkte.

6 Reëls

Die reëls wat navorsing en innovasie lei, word binne die volgende kategorieë gedefinieer:

6.1 Korporatiewe Bestuur van Navorsing en Innovasie

- Die Raad is verantwoordelik vir die bestuur en goedkeuring van navorsings- en innovasiebeleide.
- Die Senaat bestuur akademiese gehalte.
  - Die Institusionele Komitee vir Navorsing en Innovasie (IKNI) adviseer die Senaat oor die strategie, planne en kwaliteit van Navorsing en Innovasie van die Universiteit.
  - Die Institusionele Komitee vir Navorsingsondersteuning het die verantwoordelikheid om die navorsing wat binne die Navorsingsentiteite aan die NWU onderneem word, te evalueer, en aanbevelings te maak aan die Senaat en die Bestuur.

6.2 Strategie vir Navorsing en Innovasie

- Die Adjunkvisekanselier: Navorsing, Innovasie en Tegnologieoordrag is oorhoofs verantwoordelik vir die beleid en strategie van Navorsing en Innovasie by die Universiteit. Kampusrektore en Kampusviserektore wat verantwoordelik is vir navorsing en innovasie is oorhoofs verantwoordelik vir die bestuur van navorsing en innovasie op die kampus.

6.3 Navorsing- en Innovasiestrukture

- Navorsing en innovasie vind plaas binne die gedefinieerde Navorsingsentiteite soos gekategoriseer in die Institusionele Navorsing- en Innovasiestrategie. Alle navorsingsentiteite is gekoppel aan fakulteite.
- Interne Korporatiewe Ondernemings (IKO's), gekoppel aan navorsingsentiteite, is die verantwoordelikheid van die direkteurs of hoofde van navorsingsentiteite. Sodanige IKO's word bestuur in afgebakende kostepunte binne die beleide van die NWU.
- Die betrokke Adjunkvisekanselier kan, na oorleg met die Kantoor vir Tegnologieoordrag en Innovasiesteun en die betrokke lynbestuurders, by die IB aanbeveel dat newemaatskappye gestig word.

6.4 Bestuur van navorsing en innovasie

- Navorsing word bestuur volgens die riglyne soos uiteengesit in die Institusionele Strategie vir Navorsing en Innovasie.
- Navorsing en innovasie word befonds in ooreenstemming met die Institusionele Strategie vir Navorsing en Innovasie.
- Die Fakulteite se Navorsingskomitees / Komitees vir Gevorderde Grade rig fakulteitsnavorsing en -innovasie binne die NWU-strategie. Die Fakulteit se Komitee vir Gevorderde Grade bedink die nodige strategieë vir die behoud, bevordering, monitering en hersiening van nagraadse aktiwiteite binne die Fakulteit.

6.5 Navorsing- en Innovasiesteun

- Die Institusionele Kantoor vir Tegnologieoordrag en Innovasieondersteuning adviseer die Kampusse en Fakulteite oor die beskerming van intellektuele eiendomsregte, patentaansoeke en professionele vrywaring, verwant aan navorsings- en innovasieaktiwiteite.
- Die Institusionele Departement Navorsingsondersteuning fasiliteer en evalueer alle projekvoorstelle wat aan navorsingsbefondsingsagentskappe voorgelê word; ondersteun die doeltreffende en optimale aanwending van die Universiteit se fondse, insluitende toepassing en

toewysing van fondse, sowel as die voortdurende monitering van en verslagdoening oor alle navorsingsfondse van die Universiteit; Bestuur die administrasie van alle staatsgesubsidieerde navorsing en die hantering van al sodanige subsidie-eise, en fasiliteer die doeltreffende evaluering van navorsing, intern deur die Institusionele Navorsingsteunkommissie en ekstern deur gereelde eweknie-evaluering op internasionale vlak.

- Navorsings- en innovasieprestasie word geëvalueer of geassesseer d.m.v. navorsings- en innovasieprestasie-aanwysers en 'n jaarlikse Navorsings- en Innovasieverslag. Metings sluit in:
  - Meting en normering van die uitset gedefinieer in 4.5.
  - Die mate waarin die Universiteit befondsing vir navorsing en innovasie-aktiwiteite kan bekom en benut, met inbegrip van die kategorieë:
    - eerstegeldstroombefondsing (DvO)
    - tweedegeldstroombefondsing (bv. NNS-gebaseerde befondsing, THRIP- en Innovasiefondsbefondsing, patentsubsidies en toekennings)
    - derdegeldstroombefondsing (van Wetenskapsrade, Regeringsdepartemente en die privaat sektor)
    - vyfdegeldstroombefondsing (van internasionale bronne)
- 'n Navorsingsetiekkomitee (NEK) as 'n vaste komitee van die Senaat. Die doel van die Hoofkomitee van die NEK is om te verseker dat navorsing wat mense, diere en die omgewing insluit of affekteer, in ooreenstemming met gesonde navorsingsetiekbeginsels onderneem word. Die doel van die NEK is om die welstand van mense, die omgewing en diere te beskerm en om te verseker dat die regte van mense tydens 'n navorsingsprojek beskerm word. Die belangrikste funksie van die Subkomitee van die NEK is om goedkeuring van navorsingsprotokolle vir etiese klaring by die NEK aan te beveel.

7 Prosedures

Die NWU sal die voorsiening van effektiewe, doeltreffende en billike ondersteuning vir navorsers verseker, d.m.v. die Navorsingsbestuurstrukture.

Die oorkoepelende proses vir navorsing en innovasie is vasgelê in die dokument "Gehalteversekeringsproses vir Navorsing aan die NWU".

Original details: Frik van Niekerk(10935746) RMA SHARE/\9P-9_Research and Innovation.docm
26 September 2013

File reference: 9P/9